



Poësie aantekening Graad 12

Belangrik ter voorbereiding van toetse en eksamens:

WENKE WAARVOLGENS GEDIGTE BESTUDEER KAN WORD:

- Kyk na die titel, die titel sê vir jou waarom die gedig gaan.
- Stel vir jou vrae op van die gedig.
- Let op klank- en ritmiese patrone terwyl jy die gedig die tweede keer lees.
- Is daar enige vorme van beeldspraak teenwoordig?
- Wie is die spreker? Dit hoef nie noodwendig die digter te wees nie.
- Stel die kern gedagte van die gedig in een sin.

JOU MOET WEET WAT DIE VOLGENDE IS: TOETS JOUSELF SO... EK KAN...

❏ GEDIGSOORTE HERKEN EN VERDUIDELIK:

- Sonnet
- Vrye vers
- Elegie
- Ballade
- Helderdig/ epos

❏ DIE BOU EN TIPOGRAFIE VAN 'N GEDIG EN HOE DIT DIE BETEKENIS VAN 'N GEDIG BEINVLOED BESKRYF, BYVOORBEELD:

- Titels en subtitels
- Strofes
- Lengte van versreëls
- Plasing van versreëls
- Enjambement
- Tipografiese wit/ inkeping
- Leestekens

❏ BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG HERKEN EN DIE BETEKENIS DAARVAN VERDUIDELIK, BYVOORBEELD:

- Vergelyking
- Metafoor
- Personifikasie
- Sinestesia
- Antonomasia/ naamverwisseling
- Metonimia/ oornoeming
- Sinekdogee/ gedeeltelike aanduiding

❏ VERDUIDELIK WAT RYM IS EN DIE FUNKSIE DAARVAN IN DIE GEDIG BEPAAL, BYVOORBEELD:

- Alliterasie
- Assonansie
- Klanknabootsing/ onomatopoeie

❏ VERSKILLENDIGE RYMSKEMAS HERKEN, BYVOORBEELD:

- Kruisrym
- Omarmende rym
- Gebroke rym
- Paarrym

❏ RITME EN DIE FUNKSIE VAN RITME TE VERDUIDELIK.

❏ STYLFIGURE HERKEN EN DIE FUNKSIE EN BETEKENIS DAARVAN VERDUIDELIK, BYVOORBEELD:

- Eufemisme
- Hiperbool
- Litotes
- Antitese
- Paradoks
- Oksimoron
- Ellips
- Kontras



1.

Strofes in poësie:

- Koeplet: 2 versreëls.
- Tersine: 3 versreëls.
- Kwatryn: 4 versreëls.
- Sestet: 6 versreëls.
- Oktaaf: 8 versreëls.

2.

Metrum:

Is die opeenvolging van beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe in 'n seker kombinasie. Versreëls volg 'n sekere ritmiese patroon: 'n sagte lettergreep, gevolg deur 'n harde lettergreep.

“Hy laat die blik sekondes strak marsjeer”
Elizabeth Eybers - Wekker.

/ (**arsis**) - word gebruik om 'n beklemtoonde lettergreep aan te dui.
v (**tesis**) – word gebruik om 'n onbeklemtoonde lettergreep aan te dui.

3.

Ritme:

Afgemete beweging van klanke waar beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe reëlmatig op mekaar volg. Ritme word gekenmerk deur beweging. Dit is een van die uitstaande kenmerke van poësie want dit organiseer die taal op 'n ongewone manier wat die leser of hoorder verras en plesier verskaf. Dit ontstaan wanneer beklemtoonde lettergrepe (heffings) en onbeklemtoonde lettergrepe (dalings) 'n maatslag of klankpatroon skep. Hoe korter die heffings op mekaar volg, hoe vinniger is die ritme. Vinnige ritme laat jou vrolik voel, waar lang klanke 'n meer ontspanne of somber effek het. Ritme word bepaal deur die ruspunkte,

intonasie, enjambement, tempo en beklemtoning.

4. Enjambement:

Is die oorloop van een versreël in 'n ander sonder dat daar 'n leesteken is.

Funksies van enjambement:

- Kan die tempo van 'n gedig versnel.
- Kan die tempo van die gedig vertraag.
- Kan die rym verdoesel.
- Voorkom eentonigheid.

Waarom digters enjambement gebruik:

- Dit lei die aandag van die rym af. Die rym word so weggesteek – ons noem dit **rymverdoeseling**.

“Die kat strek hoog op vier strak bene, buig behaaglik om haar luiperdies te lek, ...”

Elizabeth Eybers – Huiskat

5. Rym:

Rym is die gelyk klink van klanke.

Rymsoorte:

• Halfrym:

- a. **Alliterasie:** Alliterasie is die herhaling van konsonante.

Waarom die digter alliterasie gebruik:

- Dit kan gebruik word vir klanknabootsing.
- Dit kan iets in die gedig beklemtoon.
- Soms word dit vir versiering gebruik.

“'n hele daalder vir die diaken...”

G. A. Watermeyer – Gedagtes van die beseerde arbeider.

b. Assonansie: Wanneer vokale van woorde kort na mekaar herhaal word.

- Assonansie word gebruik om 'n sekere stemming te skep.
- Dit veroorsaak dat 'n mens die woorde stadiger moet lees.

“meedoënloos tot dagbreek repeteer”

Elizabeth Eybers – Wekker

• Volrym:

Vokale en konsonante rym en is deel van een lettergreep – **goed en bloed**.

• Dubbelrym:

Wanneer twee lettergrepe rym – **vyand en bystand**.

• Beginrym:

As die rymwoorde aan die begin van die versreël staan.

• Binnerym:

As die rymwoorde aan die einde van die reël rym met die woorde in die middel van die versreël.

• Middelrym:

As die woorde in die middel van die versreël rym.

• Eindrym:

As die woorde aan die einde van die versreël rym.

6. Rymverbindings:

- Paarrym: aabb
- Kruisrym: abab
- Omarmde rym: abba
- Gebroke rym: abccde

7. Elisie:

Wanneer 'n lettergreep in 'n woorde weggelaat word t.w.v. ritme.

8. Tempo:

Tempo skep atmosfeer in 'n gedig.

Tegniek om tempo te vertraag (stadiger te maak):

- Lang klanke word gebruik.
- Meerlettergrepige woorde word gebruik.
- Baie leestekens.
- Geen enjambement nie.
- Lang versreëls.

Tegnieke om tempo te versnel:

- Eenlettergrepige woorde word gebruik.
- Min leestekens.
- Kort klanke.
- Enjambement word gebruik.
- Korter versreëls.

8. Beeldspraak en stylfigure:

★ Beeldspraak:


a. Vergelyking:

'n Vergelyking ontstaan wanneer die skrywer twee sake van uiteenlopende aard op grond van 'n enkele ooreenkoms met mekaar vergelyk of gelykstel.

Woorde wat as verbindingskakel gebruik word:

Soos; as; nes; net soos en asof.

“Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
en kalm soos min dinge hier benee,
maar hy's gevaarliker as vlam en vuur.”
Uys Krige – Ken jy die see...



b. Metafoor:

Die digter gebruik 'n metafoor wanneer hy nie twee sake langs mekaar stel soos in 'n vergelyking nie, maar die een direk in die plek van 'n ander.

“Die laatmiddag het room geword”

N.P. Van Wyk Louw – Karoo-dorp: Someraand

“In die Hoëveld, waar dit oop is en die hemel wyd daarbo,

Waar kuddes waaigras huppel oor die veld.”

Toon van den Heever – In die Hoëveld.

c. Personifikasie:

Wanneer ons aan die natuur of aan leweloze voorwerpe, diere en abstrakte begrippe menslike eienskappe toeskryf. Hierdie dinge word vermenslik.

“ Die Dood staan voor die deur”

“Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?

Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur.”

Uys Krige – Ken jy die see...

d. Metonimia:

Is die noem van 'n saak deur te verwys na iets wat nou daarmee in verband staan.

Bv. Die pen is magtiger as die swaard.

Die pen verwys na die geskrewe woord.

Die swaard verwys na geweld of oorlog.

e. Sinestesie:

Is die vermening van twee sinne.

**“en die son kom drink
met 'n helder tong aan die wyn in my glas’**

**Smaaksintuig (die tong) en gesig
(kleuraanduiding: helder)**

f. Allegorie:

Die allegorie kan beskryf word as 'n tegniek waarin die algemene voorgestel word d.m.v. die besonderse.

Totius se Vergewe en vergeet is 'n baie goeie voorbeeld van 'n allegorie in Afrikaans.

Die fabel (waarin diere gepersonifieer word om die waarhede omtrent die mens en sy lewe te openbaar) is 'n allegoriese vorm.

★ Stylfigure:

a. Eufemisme:

'n Harde werklikheid word hier sagter gestel uit 'n gevoel van kuisheid of welwillendheid. Slegte of onaangename word hierdeur verswak en verklein of versag.

Die seun het lang vingers.

Om die tydelike met die ewige te verwissel.

Die elmboog lig (ook Sinekdogee)

Nie heeltemal by jou positiewe wees nie.

b. Litotes:

Iets wat werklik groter beteken is vir die skrywer het, word kleiner of as van minder belang voorgestel as die waarheid. M.a.w. die waarheid word verklein om dit beter te laat uitkom.

Met vrees en bewing word my nietige

pennevruggie die Wêreld ingestuur.

Hiermee skenk ek jou 'n nietigheidjie.

Die ou boekie het tog groot opgang gemaak.

c. Hiperbool:

Om 'n bewering indrukwekkend te maak, word dit heeltemal oordryf. Die doel is nie om 'n opsetlike onwaarheid te vertel nie,

maar slegs om 'n saak sterk te beklemtoon:

Ek het jou dit al 'n duisendmaal gesê.

Die pad is eindeloos.

Die mooiste nooi in die wêreld.

d. Paradoks:

'n Skynbare teenstrydigheid. Twee sake wat lynreg teenoor mekaar staan wat hulle betekenis of waarde betref, word langs mekaar gestel:

Nog een so oorwinning en ons is verlore.

**“Dis snaaks dat sangers dood moet gaan
Dood moet gaan**

Om op te staan.”

A.D. Keet

e. Die oksimoron:

Staan net op twee woorde wat in teenstelling met mekaar gebruik word:

Siende blind, 'n arme ryke, ou nuus, 'n ope geheim.

f. Ironie:

Net mooi die teenoorgestelde van wat bedoel word, word spottend gesê. 'n Gewilde definisie van ironie is dat dit presies die teenoorgestelde sê van dit wat bedoel word.

Hy is darem regtig 'n slim kêrel!

Die beste stuurlii staan aan die wal.

g. Sarkasme:

Op 'n spottende wyse word hier presies gesê wat bedoel word. 'n Mooi voorbeeld vind ons by Elia se spot met die profete van Baäl:

Roep hard; want hy is mos god! Hy is seker in gepeins, of hy het hom seker afgesonder, of hy is seker op reis; miskien slaap hy en moet wakker word.

h. Die retoriese vraag:

'n Sin word in die vorm van 'n vraag gestel, met die betekenis van 'n stelling:

'n ieder nasie het sy taal...
Wat gaan die ander tale ons aan?

i. Polisindeton:

Hier het ons die herhaling van voegwoorde wat ons normaalweg sou kon weglaat:

En manne, en vroue, en kinders en grysaards het om die graf gestaan.

j. Asindeton:

Hier word voegwoorde weer weggelaat, waar ons dit normaalweg sou kon verwag:

Honde, katte, hoenders, varke, alles, peul by die kombuisdeur uit.

k. Onomatopée (klanknabootsing):

Die woordklanke boots die geluide na wat met 'n saak vereenselwig

l. Antitese/ teenstelling:

Word gebruik om twee uiterste teen mekaar te stel bv: die soet en die suur van die lewe. Hemel en aarde beweeg om jou doel te beriek.

★ **Gedigsoorte:**

1. Sonnette:

Twee soorte:

- a. Italiaanse sonnet:** 14 versreëls, wat bestaan uit 2 kwatryne en twee tersines.
Die kwatryne vorm saam 'n oktaaf en die 2 tersines vorm saam 'n sestet
Rymskema: abba; abba; cdc/ cad.

b. Engelse sonnet

(Shakespeare-sonnet)
14 versreëls; 3 kwatryne en 'n rymende koeplet.

2. Ballade:

Dis 'n epiese-liriese digsoort en word gekenmerk deur beskrywing, verhalende elemente (dikwels 'n storie in versvorm met karakters, tema, intrige). Eenvoudige taalgebruik, sterk emosionele ondertone (liefde, haat, wraak), 'n tema wat dikwels tragies is, ritmiese en musikale elemente (*Skoppensboer*).

3. Vrye vers:

'n Versvorm wat aan die digter vryheid gun om nie die dissipline van 'n vaste rymskema te handhaaf nie, maar daar is tog onderskeiende elemente wat die digvorm vereis. Daar is bepaalde skakels wat die versreëls en strofes aan mekaar bind.

- Woorde word dikwels aan die begin van die versreël herhaal.
- Herhaling van dieselfde klanke kort na mekaar is 'n belangrike bindingsmiddel van woorde, gedagtes en die gedig as geheel.
- 'n Vaste, ritmiese reëlmaat kom nie voor nie, maar jy sal tog 'n bepaalde ritme aanvoel wanneer jy die gedig lees.

- Versreëls en strofes wissel van lengte.
- Dikwels bestaan die gedig uit net een sin of grammatiese uiting.
- Daar is nie 'n vaste rympatroon nie.
- Geen strofe-indeling nie.
- Nie tradisionele gebruik van hoofletters en leestekens nie.

4. Elegie:

Treursange. Die elegie bevat onder andere musikale elemente (ritme, herhaling ensovoorts), 'n bepaalde stemming en sintuiglikheid. 'n Weemoedige stemming is opmerklik en word veral geskep deur woordkeuse en beelde. Dit word in prosastyl geskryf. Ironie of teenstelling tussen skyn en werklikheid kom voor.

LETTERLIK (Denotief) & FIGUURLIK (Konnotief)

Letterlik: Die olifant stoot die boom om.
Figuurlik: Die man is n olifant.